Sesde uitgawe
2019

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

- **Pretoria Bonsai Kai bestuur:**
- Voorsitter – Org Exley
  082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As
  074 601 1847
- Tesourier - Daan du Toit
  012 567 2520
- Sekretaresse – Mariaan Erwee
  083 377 7893
- Skakelbeampte–Christa Vermaak
  083 388 4736
- Addisionele lede :
  Duvan Horn
  Martin Kruger
  Johan Els
  Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terug-voering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die redakteur	1
Briewebus / Vra is vry	2
Vergadering 2 November	4
Terugvoering	15
Uitstalling	16
Kalender	17
Snippets	18
Sorg skedule	20

Van die redakteur

Beste Bonsai Vriende

Daar is 'n baie mooi Afrikaanse uitdrukking: "Van uitstel kom af-stel". Wel dit was (amper) so met hierdie laaste uitgawe van 2019. Verskoning dat hy eers nou, aan die begin van 2020, uitgegee word. Uitstel verlede jaar a.g.v werk, lui-heid en ander verskonings is die rede ...

Ek het al vertel dat ek dikwels my vrou se vrouetydskrifte op die 'wit troon' in die huis deurblaai.

Wat ek al opgelet het is dat daar nou en dan 'n uitgawe is wat baie dunner is met baie minder artikels as die norm van die tydskrif. Ek het al gewonder wat die rede kan wees. Het hulle nie genoeg artikels nie of was hulle lui of was hulle te besig met ander goed of het hulle uitge-stel en moes maar die tydskrif druk, al is hy maar lig in die broek (blaaie)?

Wat ook interessant is, is dat die prys van die baie dunner uitgawe dieselfde is as die dikker uitgawes s'n ...

Nou staan ek voor dieselfde deur met hierdie laaste uitgawe van 2020, baie dunner as gewoonlik maar dieselfde prys……

Ek hoop almal het 'n geseënde kerstyd gehad en ek wens almal 'n baie voorspoedige en gelukkige 2020 toe. Geniet jou bome!

Bonsai groete.

Jaco

Whether shopping for starters or old trees, buy better material.
Mary C. Miller

Briewebus

Jaco

Die ABC5 konvensie “The Spirit of Africa” wat die naweek van 24 – 27 Oktober by die Safari kwekery plaasgevind het, was ’n reuse sukses. Die Pretoria Bonsai Kai was goed verteenwoordig met ongeveer 15 lede wat die hele naweek bygewoon het. Die sprekers se demonstrasies was baie interessant, het goed met die luisteraars gekommunikeer en het sommige van ons groen van jaloesie gehad. Ek kan nie nalaat om Safari kwekery se personeel te komplimenteer met die wyse waarop hulle die konvensiegangers bederf het nie. Die kos was absoluut fantasties en in oorvloed!

Die bome op die uitstalling was van baie hoë gehalte en Hannes Fritz se “Chinese Privet” is as die algehele wenner aangewys (hoe dan anders?).

Ek deel graag ’n paar foto’s met die lede.

Groete

Esther

Links: Hannes Fritz se “Chinese Privet” wat as die beste boom op die uitstalling aangewys is.

Mauro Stemberger — Italië

Briewebus

Rafael Torres - Spanje

Robert Mahler — VSA

Vergadering van 2 November 2019 – Mini-uitstalling

Links: Louis het ’n inheemse Wilde Granaat (Burchellia bubalina) wat hy so twee jaar gelede by ’n kwekery gekoop het, gewys. Die boom het begin blom en Louis het gewys hoe die blomme gaan lyk.

Regs: Hierdie Kei-appel het Louis 12 jaar gelede by ’n kwekery in ’n sakkie gekoop. Die boom dra elke jaar baie vruggies.

Links: Bruce het hierdie “Juniper” in 2016 by ’n kwekery gekoop. Die stam was heeltemal reguit en Bruce het d.m.v. klampe die stam gebuig soos wat hy nou lyk. By die ABC5-konvensie het Mauro Stemberger (Italië) Bruce gehelp om die boom te stileer.

Vergadering van 2 November 2019 - Mini-uitstalling

Links: Hierdie is ’n Duinekraaibessie (Searsia crenata) wat Louis sowat 12 jaar het en by ’n kwekery gekoop het. Dit is eintlik ’n “creeper’ en dus geskik vir die “cascade’ styl.

Regs: Philip het ’n Olien gewys wat hy so 3 jaar gelede van ’n steggie gegroei het, asook ’n Kanniedood wat hy omtrent ‘n jaar gelede van ’n steggie gegroei het. Baie van die bome wat Philip het is steggies wat hy by die werkswinkels kry.

‘Tip of the month’ - Deur Willie Botha

Willie het vertel dat hy rekord hou van wanneer hy bome oorplant deur gebruik te maak van gekleurde “cable ties”. Hy gebruik helder kleurige “cable ties” want somtyds kan hulle tot 5 jaar aan die boom bly.

Somtyds vervang Willie net van die bo -grond en dan sit hy ’n tweede “cable tie” aan wat dit aandui. Somtyds is daar ’n paar kleure aan wat vir Willie verskillende goed wys wat hy met die boom gedoen het.

Vergadering van 2 November 2019

Bougainvillea

Francois van As

Eerste beskrywing

Die eerste Europeër wat hierdie plante beskryf het, was die botanis Philibert Commerçon, wat in 1769 op die plante in Suid-Amerika afgekom het toe hy saam met die **ontdekkingsreisiger Louis Antoine de Bougainville, 'n admiraal in die Franse vloot, 'n** wêreldreis onderneem het.

Verspeiding

In die vroeë 19de eeu is die spesies Bougainvillea *spectabilis* en Bougainvillea *glabra* aan Europa bekendgestel. Baie van vandag se bougainvillea is die gevolg van kruisings tussen slegs drie uit die agtien Suid-Amerikaanse spesies wat deur botaniste erken word. Tans is daar meer as 300 variëteite regoor die wêreld.

Vergadering van 2 November 2019

Bougainvillea glabra - Die mees algemene variëteit wat gebruik word vir bonsai

Bougainvillea spectabilis - (Brazilië, Bolivia, Peru en Argentinië)

Bougainvillea peruviana - (Colombia en Peru)

Bougainvillea buttiana - (Hibriede tussen B. glabra en B. peruviana)

Vergadering van 2 November 2019

Bougainvillea spinosa

- B. arborea
- B. lehmannii
- B. stipitate
- B. stelata
- B. malmeana
- B. berberidifolia
- B. herzogiana
- B. modesta

'n Ranker wat 1 tot 12m hoog word en oor ander plante klim met hul dun dorings. Die dorings het 'n wasagtige lagie.

Vergadering van 2 November 2019

- Hulle is Immergroen waar reënval die hele jaar voorkom, of bladwis-**selend as daar 'n droë seisoen is.**
- **Die blare is enkelvoudig met 'n alternatiewe verspreiding, 4**-13cm lank en 2-6cm breed.

Die werklike blom van die plant is klein en oor die algemeen wit, maar elke groepie blomme word omring deur helderkleurige skutblare wat met die plant geassosieer word, insluitende pienk, magenta, pers, rooi, oranje, wit of geel.

Vergadering van 2 November 2019

- Vrugte en saad

Uitplant

- Hou van warm klimaat en groei beste in volle son.
- **Wanneer uitplant, gee goeie begin deur 'n groot gat te grawe en 'n koppie super-**fosfaat of beenmeel in die bodem van die gat te plaas met baie kompos aan die bokant van die gat.
- Verkies baie sanderige, goed dreinerende grond.

Water en Bemesting

Om hulle aan te moedig om kleurvolle skutblare te produseer, gee hulle 'n potasryke kunsmis soos 3:1:5 of 3:3:4. Moet nie oorvoed nie, anders gaan jy baie blare kry in plaas van kleur.

Stikstof (N) [Nitrogen]

Fosfaat (P) [Phosphorus]

Potas (K) [Potassium]

Vergadering van 2 November 2019

Klimaat

Aangesien hulle tropiese plante is, is hulle nie rypbestand nie, dus moet hulle teen 'n hittehoudende muur geplant word waar hulle beskerm word teen koue winde.

Snoei gereeld

Die goue reël met bougainvilleas is om hulle nie toe te laat om hand uit te ruk nie. Snoei hulle gereeld, want hulle kan baie vining oorneem en dan moet jy professionele hulp kry om hulle terug te sny. En dra altyd langmoue en handskoene wanneer hulle gesnoei word.

Bougainvillea as bonsai

- Baie son en nie te veel water nie.
- Grond moet goed dreineer maar nog steeds organiese materiaal bevat.
- **As jou styl 'n vlak houer vereis, is dit 'n plant wat in vlak grond goed presteer.**
- Wortelsnoei elke twee-drie jaar is voldoende. Sny wortels gedurende die somer.

Bonsai

- **Bonsai Bougainvillea verkies 'stywe voete', byna wortel gebind.**
- **Na blomtyd is dit 'n goeie tyd om hard terug te snoei.**
- Ontblaar minstens een keer per jaar, in die lente of somer om kleiner blare en addisionele vertakkings aan te moedig.
- Bougainvillea groei van steggies van enige grootte! (Op die regte tyd van die jaar, nagte moet warm wees.)
- **Omdat hierdie plant alternatiewe blare het, is dit 'n goeie onderwerp vir** rigtinggewende snoei.

Wenk

Sodra jou boom gebot, in volle bloei, en **gereed vir uitstal is, verwyder 'n paar** van die oorblywende groen blare. Dit sal die kleur nog meer laat uitstaan en oorvloedig laat lyk.

Vergadering van 2 November 2019

Wenk

Wanneer 'n Bougainvillea as bonsai gestileer word, moet die kleureprag in gedagte gehou word. Vorm dus vlakke en lang swewende takke om hierdie moontlike kleureprag ten toon te stel.

Bonsai voorbeelde vanaf die internet:

Vergadering van 2 November 2019

DANKIE

Vergadering van 2 November 2019

Francois het ’n paar van sy eie bome gewys en basiese stilering gedoen:

Terugvoering oor demonstrasie / werkswinkelbome

By die vergadering van 7 Mei 2016 het Francois van As op ’n Olien wat hy in Julie 2014 by Koega in Port Elizebeth uitgegrawe het, demonstreer. Hy het genoem dat daar een of ander pes in die blare was maar nadat hy al die blare afgehaal het, het die boom weer mooi uitgeloop en die peste was weg. Francois het voor die vergadering al sy boom bestudeer en besluit hoe hy hom wil styl. Hy het toe ’n skets gemaak van sy toekomstige plan met die boom, wat hy gedurende die vergadering toegepas het. Die onderste foto’s is die dag van die demonstrasie geneem en in die derde uitgawe van 2016 se Koeda gewys.

Francois het die onderste foto op 12 Oktober 2019 geneem van hoe die boom nou lyk. Dus 3 jaar en 4 maande later.

Uitstalling

Ons het weereens, soos ander jare, 'n baie mooi uitstalling by die "Wonderboom Junction Mall" aangebied. Daar was sowat 50 bome en soos altyd was die belangstelling en reaksie van die publiek baie positief.

Bonsai Kalender – Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in Januarie en Februarie?

Hierdie is van ons warmste maande met sonnige dae wat maklik ons bonsai kan uitdroog. Indien moontlik, mag dit nodig wees om tweemaal per dag water te gee, veral kleiner bonsai. Al die watergee gaan die voedingstowwe laat uitloog en dit is belangrik om dit terug te plaas. Vloeibare voedingstowwe kan 'n goeie idee wees. Die toediening van bemesting kan teen Februarie verminder word aangesien die boompies nou aan die einde van die groeiseisoen is en dit nie meer nodig is om groei aan te moedig nie. Die boompies gaan minder stikstof (N) nodig hê en meer potas (K) en fosfaat (P) om houtvorming aan te help. Takke begin verdik en waar bedrading begin insny, moet dit ontspan of verwyder word.

Hou 'n oog op peste soos plantluise, ruspes en witvlieë wat nou aktief is en behandel vroegtydig. Moet nie die toediening van chemikalieë oordoen nie. Volg altyd die vervaardigers se instruksies en wees bedag daarop dat plante in klein houers makliker spanning ervaar as plante wat nie in potte groei nie.

Hoe lyk Pretoria se klimaat hierdie tyd van die jaar?

Pretoria het 'n gematigde savanne (grasvlakte) klimaat met warm, nat somers en droë winters. Van Mei tot September reën dit selde en wanneer wel, is dit maar min.

Maand	Gemiddelde maksimum temperatuur (°C)	Gemiddelde minimum temperatuur (°C)	Gemiddelde ure sonskyn per dag	Gemiddelde aantal dae neerslag per maand	Gemiddelde mm neerslag per maand
Januarie	29	18	8	14	101-200mm
Februarie	28	17	8	11	61-100mm

Bron: http://www.whatstheweatherlike.org/southafrica/pretoria.htm

Snippets

OUR ENVIRONMENT

Invasive plant species spread and displace our natural trees and plants. A great deal of South Africa's water is used by plants that do not belong here as many alien plants consume more water than local plants, such as Caster oil plant, Black wattle and Bug weed that we find in Gauteng.

If you know that you have alien plants in your garden, remove them.

Inspirasie uit die natuur

Regs: Aan die 'binnekant' van die boonste boom.

Hierdie Wildevy is in die Hazyview omgewing afgeneem. Dit wys (foto regs) hoe die swaar takke van 'n Vy afbuig totdat dit die grond raak en dan daar wortel skiet. Die begin van die Wonderboom styl.

Snippets

Kalender 2020

Tharina het vir ons weereens 'n baie mooi en bruikbare kalender vir 2020 gemaak. Baie dankie aan haar vir die harde werk. Daar is die A3-hangkalender sowel as die klein staan lessenaarkalender. Ook dankie aan Louis wat deur die jaar meeste van die foto's geneem het by ons maandelikse vergadering uitstallings.

REKLAME

ROBINSON & KRUGER
PROKUREURS / ATTORNEYS
SINCE 1995
BOEDELBEREDDERAARS / ADMINISTRATORS OF ESTATES
TRANSPORTBESORGERS / CONVEYANCERS / NOTARISSE / NOTARIES

- IS JY IN DIE PROSES OM 'N HUIS TE KOOP OF TE VERKOOP?
- TROU JY OF WEET JY VAN IEMAND WAT GAAN TROU EN 'N HUWELIKSKONTRAK BENODIG?
- IS IEMAND NABY JOU OORLEDE?

INDIEN JY "JA" ANTWOORD OP ENIGE VAN DIE BOGENOEMDE, KONTAK ONS VIR PERSOONLIKE BYSTAND.

- ONS DOEN OOK BOEDELBEPLANNING, EGSKEIDINGS, DERDE PARTY EISE (RAF EISE) EN PERSOONLIKE BESERING EISE

KONTAK MARTIN KRUGER
012 332 1770
CODONIA LAAN 829, WAVERLEY
law@robinsonkruger.co.za

Sorgskedule **Seisoen:** **Season:**		Mid-somer Mid-summer	Laat somer Late summer	Vroeg herfs Early autumn	Mid-herfs Mid-autumn	Laat herfs Late autumn
Maand: **Month:**		**Jan**	**Feb**	**Mrt** **Mar**	**Apr**	**Mei** **May**
Die boom se jaarsiklus **The tree's yearly cycle**		Kort dormante periode, konsolideer nuwe groei Short period of dormancy, consolidate new growth		Bery voor vir dormante periode Prepare for winter dormancy		
Aksie / Action	Bonsai van saad Bonsai from seed			Vir beste resultate gebruik vars saad For best results, use fresh seed		
	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings					
	Verplant Potting					
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning			Immergroen bome Evergreen trees		
	Vormsnoei Formative pruning					
	Knyp groeipunte Pinch growth points					
	Bemesting Fertilizer					
	Insekdoders Insecticide					
	Somerbeskerming Summer protection					

Sorgskedule **Seisoen:** **Season:**		Vroeg winter Early winter	Mid-winter	Laat winter Late winter	Vroeg lente Early spring	Mid-lente Mid-spring	Laat lente Late spring	Vroeg somer Early summer
Maand: **Month:**		**Jun**	**Jul**	**Aug**	**Sep**	**Okt**	**Nov**	**Des** **Dec**
Die boom se jaarsiklus **The tree's yearly cycle**		Dormant gedurende die winter Winter dormancy			Herontwaking, nuwe groei Reawakening, new growth			Nuwe groei New growth
Aksie / Action	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings							
	Verplant Potting							
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning			Immergroen en bladwisselende bome Evergreen and deciduous trees				
	Vormsnoei Formative pruning							
	Knyp groeipunte Pinch growth points							
	Bemesting Fertilizer							
	Insekdoders Insecticide							
	Somerbeskerming Summer protection							
	Winterbeskerming Winter protection							

The individual opinions expressed in this issue are not necessarily those of the Pretoria Bonsai Kai.